DEEL 118 | WEEK 7 | 13 FEBRUARIE 2026 | R5
HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Plaaslike rolbalveteraan beleef hoogtepunt by elite Windgate-toernooi



Die afgelope naweek het 12 van Suid-Afrika se top vroue-veteraanrolbalspelers by die gesogte Windgate-toernooi in Pretoria kragte gemeet — 'n elite byeenkoms waarna spelers landwyd uitsien en waarvoor slegs die beste kwalifiseer.

Deelnemers word op grond van hul enkelspelrekords en prestasies oor die afgelope drie jaar gekies, insluitend provinsiale en nasionale prestasies. Spelers uit onder meer Noordwes, Oos-Transvaal Noord, Wes-Provinsie en Border het deelgeneem. Om deur Rolbal Suid-Afrika vir hierdie toernooi gekies te word, word as 'n besondere eer beskou.

Onder die deelnemers was die 62-jarige Tracy Jacobs, wat erken dat sy nooit sou kon dink dat sy op haar ouderdom vir só 'n elite toernooi gekies sou word nie. "Dit is 'n ongelooflike voorreg," het sy gesê.

Vir Tracy was 2025 'n uitsonderlike jaar waarin sy verskeie goue medaljes verower het. Sy het haar uitstekende vorm in 2026 voortgesit deur weer goud in die veterane-kategorie te wen en nóg 'n rekord vir die jaar op te stel.

By Windgate is die spelers in twee seksies van ses elk verdeel. In Tracy se seksie was drie spelers wat reeds Springbok-kleure verwerf het — 'n bewys van die hoë standaard van kompetisie.

Hoewel Tracy nie 'n wedstryd kon wen nie, het sy elke keer tot die bitter einde meegeding. In rolbal word die wenner bepaal deur die eerste speler wat 21 punte bereik. Tracy het naelskraapse nederlae van 21–20 (twee keer), 21–19 en 21–17 gely. Op haar eerste dag het senuwees en die besonder vinnige bane — wat teen 'n tempo van 14 tot 15 "hardloop" in vergelyking met die Vrystaat se stadiger bane van ongeveer 11 — 'n rol gespeel.

Sy noem egter dat haar opponent het die mat opgebring en kortkop gerol en sy (Tracy) moes seker vier keer laat meet net om seker te maak, maar kon nie glo hoe naby haar opponent kon rol nie. In een wedstryd het sy 'n seldsame nederlaag van 21–4 beleef — die eerste keer in haar loopbaan dat sy só 'n groot telling afgestaan het. Haar opponent was egter die huidige Springbok-kaptein, wat onlangs in Ciprus deelgeneem het, en het volgens Tracy briljant gespeel en gewys waarom sy haar nasionale kleure verdien.

Ten spyte van die uitslae beskryf Tracy die toernooi as drie van die beste dae van haar loopbaan. "'n Mens is net so goed soos die opponente teen wie jy speel," het sy gesê. Alhoewel verloor nooit goed voel nie, het haar spel na 'n nuwe vlak gegaan juis omdat sy teen sulke sterk opponente kon meeding.

Sy het erken dat sy jammer is die seisoen is verby, maar voel dankbaar vir die geleentheid om haarself teen die land se beste te meet — en om te bewys dat ouderdom geen beperking is op deursettingsvermoë en uitnemendheid nie.

# Heilbron-streeklanddros se moordsaak keer terug hof toe

Die man wat daarvan aangekla word dat hy sy vrou, 'n streeklanddros van Heilbron, koelbloedig vermoor het, sal weer op 18 Februarie in die Hooggeregshof in Bloemfontein verskyn.

Lehlohnolo Maketoane (40) staan tereg op die moord op sy vrou, Mamello Thamae, wie se liggaam in 2023 in Lesotho in die kattebak van haar voertuig gevind is. Haar hande en voete was vasgebind, 'n lap was in haar mond, en sy het verskeie kneus- en skuurwonde aan haar liggaam gehad. Volgens die lykskouing is die oorsaak van dood verstikking.

Maketoane beoog om die wettigheid van sy uitlewering uit Lesotho aan Suid-Afrika te betwis. Hy sal 'n spesiale pleit aanvoer dat die uitlewering onregmatig was. Dit volg nadat die Grondwethof in Januarie bevind het dat slegs die nasionale uitvoerende gesag – en nie die Nasionale Vervolgingsgesag nie – die finale gesag het om uitleweringsaansoeke te rig.

Volgens die klagstaat het Thamae as 'n landdros gewerk, terwyl Maketoane werkloos was. Die egpaar was na bewering in die proses om te skei en het ongeveer 'n week voor die moord nie meer 'n slaapkamer gedeel nie.

Die staat beweer dat die huishulp op 21 September 2023 'n woordewisseling tussen die egpaar gehoor het wat verband gehou het met 'n beweerde buite-egtelike verhouding. Die huishulp het ook gesien hoe 'n Kia-voertuig met 'n Vrystaatse registrasienommer die volgende oggend vroeg weggery het.

Verder is 'n geel handgeskrewe briefie gevind waarin instruksies gegee is dat die kind daardie dag nie skool toe geneem moes word nie. Die huishulp het ook opgemerk dat Maketoane se klere nie meer in sy kamer was nie en dat daar bloedvlekke in die huis was.

Nog 'n briefie wat later deur die polisie ontdek is, lui glo:

"Desmond het homself geskiet. Kyk na Thamae en al die mans in die familie. Ek was volgende, so ek moes iets doen. Dit stop hier."

Bloedvlekke is volgens die staat op verskeie plekke in en om die huis gevind, insluitend die slaapkamer, 'n skuifdeur, 'n japon, die tapytvloer, die kombuis en naby die motorhuis. Daar was geen tekens van gedwonge toegang tot die woning nie.

Die Kia waarmee Maketoane glo gevlug het, is later met behulp van satellietopsporing by 'n gastehuis in Lesotho opgespoor. Hy is in die bestuurdersitplek gevind en die voertuig is na 'n polisiestasie in Mokhotlong geneem. Video-opnames het bevestig dat Maketoane alleen oor die Caledonspoort-grenspos beweeg het.

Maketoane is op 21 Augustus 2024 aan Suid-Afrika uitgelewer en is steeds in aanhouding. Die saak is tot 18 Februarie uitgestel vir 'n verdere voorverhoor.




HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Liefde en Valentynsdag: Wat liefde vir kinders regtig beteken*




Wanneer Valentynsdag aanbreek, dink ons maklik aan rooi rose en romantiese gebare. Tog lê een van die diepste vorme van liefde stilweg in die lewens van kinders. Vir ’n kind beteken liefde om gesien te word, om veilig te voel en om te weet: “Ek is belangrik.”

Kinders dra nie altyd hul seer in woorde nie. Baie keer wys dit in stil gedrag – ’n teruggetrokke houding, woede-uitbarstings of ’n desperate soeke na aandag. Agter hierdie gedrag lê dikwels ’n eenvoudige behoefte: om geliefd te voel. Wanneer ’n kind liefde ervaar, begin hulle glo in hulself en in ander mense. Dit gee hulle moed om te leer, te waag en weer op te staan wanneer dinge verkeerd loop.

Liefde vir kinders is nie perfek nie. Dit is nie altyd maklik of sonder uitdaging nie. Dit vra geduld wanneer ’n kind toets, begrip wanneer emosies oorloop, en volgehoue teenwoordigheid selfs wanneer dit moeilik raak. Om ’n kind lief te hê, beteken soms om vas te hou wanneer hulle wegstoot, om te bly staan wanneer hulle bang is, en om hoop te wees wanneer hulle self geen hoop sien nie.

Vir ’n kind is liefde ook grense, roetine en betroubaarheid. Dit is om te weet iemand sal môre weer daar wees. Hierdie sekerheid bou ’n veilige fondasie waarvandaan kinders kan groei. Kinders wat so grootword, leer dat die wêreld nie altyd perfek is nie, maar wel ’n plek kan wees waar hulle behoort.

Elke volwassene in ’n gemeenskap raak op een of ander manier ’n kind se lewe aan. ’n Glimlag, ’n vriendelike woord, of ’n oomblik van opregte aandag kan ’n blywende merk laat. Dikwels besef ons eers later hoe groot die impak van daardie klein gebare was.

Hierdie Valentynsdag is ’n uitnodiging om liefde verder te neem as romanse. Dit is ’n uitnodiging om sagter te wees met ons kinders, om hulle raak te sien en om doelbewus liefde uit te leef. Want liefde wat vandag aan ’n kind gegee word, word môre ’n volwassene se krag – en uiteindelik ’n gemeenskap se hoop.

# Hoërskool Heilbron blink uit by Fezile Dabi

Hoërskool Heilbron se Graad 12-personeel het uitstekend gevaar en met ’n reeks gesogte toekennings weggestap tydens die Fezile Dabi Well Done-funksie van 2026, waar skole vereer is vir hul 2025-matriekuitslae.

Die skool se uitsonderlike akademiese prestasie het aanleiding gegee tot die volgende toekennings:

- Gold Category – Best Performing School
- Skool met 95/50 en hoër: ’n 96% slaagsyfer met 60% baccalaureus-toelatings
- Best Performing School in die Fezile Dabi-distrik
- Highest Bachelor Passes School in die Fezile Dabi-distrik
- Hoogste aantal baccalaureus-toelatings, met 60% van die matrikulante wat aan universiteitstoelating voldoen het.

Benewens die skool se prestasies is me. Leanrie van Vuuren ook individueel vereer met ’n toekenning vir die hoogste RTT-gemiddeld in die Fezile Dabi-distrik.

Hierdie prestasies is ’n bewys van die hoë standaard van onderrig, die toegewyde werk van die Graad 12-personeel en die skool se volgehoue fokus op akademiese uitnemendheid. Hoërskool Heilbron bevestig hiermee weer sy status as een van die top presterende skole in die distrik.



*Op die foto voor vl: Elsabe van der Merwe, Chantelle Kruger, Sunelle Claasen, Leanri van Vuuren, Salomie Viljoen, Magdel Haasbroek, Maryna Gouws, Liza-Mari de Witt. Agter vl: Wessel Pieters, Danie Coetzer, Mnr. Johnny van der Merwe (Skoolhoof) en Marius Botha.*

## UIT DIE PEN: *Week 7*

Ek het hierdie week geleer dat ons as mense beheer het oor alles. En oor niks.

Kom ek verduidelik.

My gryse ou ma, 89, is so 10 dae gelede na die hoësorgeenheid in die hospitaal. Sy het longontsteking en blaasinfeksie gehad. Ek het vroeër die dag gesien dat haar bolip gelerig is, maar niks daarvan gemaak nie. Haar velkleur het die afgelope tyd gelerig gelyk. Die ouetehuis het laat weet dat haar bloeddruk vinnig gedaal het en dat sy nie enige reaksie toon nie.

Ons het saam met die ambulansmense by haar opgedaag. Die twee het blitsig 'n aarvoeding ingesit en hulle reusegrootte EKG masjien uitgepak. Hulle het 'n EKG gedoen en uitgedruk. Hulle het aarvoeding ingesit. Daarna het hulle haar versigtig op hulle ambulansbed gesit en haar tot by die ambulans gekry.

Vir die eerste keer in my lewe het ek ook in ’n ambulans gery, terwyl ek haar hand vashou. Ek was effens teleurgsteld omdat die rooi ligte af was en die sirene nie geloei het nie. My kleintydse droom. Simpel droom, iedergeval.

By die ongevalleafdeling is sy dadelik gestuur vir 'n breinskandering om moontlike beroerte te identifiseer. Daarmee saam ook x-strale van haar borskas en bloedtoetse. Die skandering het geen bloeding in haar brein opgemerk nie. Sy het wel longontsteking gehad. Sy is dadelik in hoësorg opgeneem en antibiotika toegedien. Twee dae daarna het sy geelsug ontwikkel. Nie 'n aansteeklike geelsug nie.

Die internis het weer skanderings van haar lewer gedoen en gesien dat daar iewers, tussen die lewer en die dunderm, 'n blokkasie is. Sy teken vir my 'n prentjie daarvan.

Die lewer vorm gal en dit word in die galblaas gestoor as die mens dit nie dadelik gebruik nie. Dis hoekom die galblaas verwyder kan word: die gal word dan nie gestoor nie, maar gebruik soos benodig. Die internis het gesê dat sy onder narkose 'n kamera kan gebruik om die verstopping te identifiseer en dalk 'n stent kan insit om die buis oop te maak.

My ma het al hoe geler en al hoe swakker geword. Sy het later niks meer gepraat nie, en meeste van die tyd geslaap. Hierdie week bel die saalsuster: my ma se longontsteking is effens beter en ek moet 'n vorm kom teken waarin ek toestemming gee dat sy die prosedure kan ondergaan. Dit moet onder narkose gedoen word.

Narkose vir iemand wat 89 jaar oud is.

Dit is hier waar ek agtergekom het dat ons oor alles beheer het, maar ook oor niks beheer het.

Ek het beheer oor die teater- en vrywaringsvorm, maar dit is waaroor ek beheer het. Oor niks anders in hierdie lys gebeure nie.

Toe ek huis toe ry nadat ek die vorm moes teken, is sy teater toe. Op pad huis toe, het ek die hele tyd gewonder of ek die regte ding gedoen het. Mòèt sy teater toe gaan? Wat as daar iets gebeur wat ek kon keer deur nie die toestemmingsbrief te teken nie?

Wat as?

Wat as?

In Engels praat hulle van die “rabbit hole”, en ek was in en uit elke keer wanneer ek daaraan dink.

’n Mens neem besluite met die kennis wat jy tans het. In twintig jaar sal jy terugkyk en dalk dink dat jy ’n ander besluit moes neem. Maar in twintig jaar het jy soveel lewenservaring opgedoen wat ’n ander besluit tot gevolg sou hê. Jy het daardie besluit geneem en daaraan kan jy nou, twintig jaar daarna, niks doen nie.

Tans is my gryse ou ma op ’n ventilator wat haar asemhaling ondersteun en haar oorlaai met suurstof.

Wat met bogenoemde saamhang, is wanneer mense sê dat alles met ’n rede gebeur. Ek skryf die stuk hieronder met apologie aan Stephan Joubert, die stigter van eKerk en ’n gewese proffie in teologie. Ek het dit op Facebook raakgeloop. Ek het sy skrywe effens aangepas sodat ek dit ook beter kan verstaan.

Dis nie net die Christene wat meen dat alles met ’n rede gebeur nie, baie gelowe en selfs nie-gelowiges glo dit. Maak nie saak of jy ’n Boeddhis of Moslem of agnostikus is nie, hulle glo so.

Indien alles met ’n doel gebeur, beteken dit mos dat die heelal alles klaar beplan het en dat daar geen veranderlike is nie. Ons is eintlik net marionette onder die heelal se beheer en die heelal sê presies wat ons moet doen, sodat alles met die heelal se onbekende rede moet gebeur. Die



heelal trek die toutjies. En ons, die marionette, dans.

Ons het dan geen kreatiwiteits of persoonlike aanspreeklikheid nie. Ons is willoos, en besluitloos, ons het geen intelligensie om besluite te kan neem nie, en ons loop met toe oë deur die lewe.

Nou waar pas God dan in? Die Een wat ons Skepper en die Instandhouer van die aarde, die wêreld en die heelal, is.

Hy het nie elke mens se toekoms in ’n program gaan skryf nie. Hy het mense gemaak wat vir hulself kan dink. Mens wat soms onverwags ’n lewensveranderende besluit moes maak, met die inligting wat die mense op daardie stadium het. Tot so ver met Stephan Joubert se skrywe.

Ons maak elke dag moeilike besluite. Ja, ons vra in gebed dat ons die regte besluit moet neem. En nee, ons volg nie altyd daardie raad nie. Ons is mense, ons is impulsief en ons wil doen soos wat ons wil.

Ons weet egter dat daar altyd Iemand is wat ons sal vang wanneer ons val.

Oor my gryse ou ma: sy het die prosedure oorleef en ek sien daarna uit om haar weer in die oë te kyk.

# Mnr. Joseph neem stuur by Sandersville Combined School as nuwe skoolhoof



Sandersville Combined School het onlangs Mnr. André Joseph as nuwe skoolhoof verwelkom – 'n opvoeder met bykans twee dekades se ondervinding en 'n duidelike visie vir die toekoms van die skool.

Mnr. Joseph het sy onderwysloopbaan in 2007 begin en het hom deur die jare as toegewyde opvoeder bewys. Hy het in 2006 sy graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU) in Potchefstroom verwerf, nadat hy aan Hoërskool John Vorster in Nigel gematrikuleer het.

Hy het in 2017 by Sandersville Combined School aangesluit as departementshoof vir Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid. Sedertdien het hy 'n belangrike rol gespeel in die akademiese ontwikkeling van leerders en die versterking van die vakgebiede onder sy leiding.

As nuwe skoolhoof streef mnr. Joseph daarna om 'n vooruitstrewende verhouding tussen die skool, die gemeenskap en die leerders te vestig, gegrond op waardevolle Christelike beginsels wat aktief uitgeleef word. Hy glo dat 'n sterk waardegedrewe grondslag die sleutel is tot volhoubare sukses – nie net akademies nie, maar ook in karaktervorming.

Hy beoog om buitemuurse aktiwiteite verder uit te bou en ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite te versterk. Volgens hom is akademiese prestasie vir elke leerder 'n prioriteit, maar hy sien ook verder as punte en sertifikate. Sy doel is dat elke leerder die skool as 'n selfgedrewe, verantwoordelike volwassene sal verlaat, toegerus om hul plek in die samelewing vol vertroue in te neem.

Mnr. Joseph begin hierdie nuwe hoofstuk simbolies saam met die Graad 1-klas van 2026. Hy sien daarna uit om saam met dié groep oor die volgende 12 jaar te groei, doelwitte te stel en dit ten volle te bereik. Sy visie is om jaar-op-jaar net hoër hoogtes te bereik en volhoubare vooruitgang te verseker.

Met sy oë gerig op Jesus Christus, sê hy dat sy fokus is om "vorentoe te kyk" en op Hom alleen te vertrou in die leiding van die skoolgemeenskap.

Die Sandersville-gemeenskap sien met verwagting uit na die nuwe energie en rigting wat sy leierskap na die skool sal bring.

# PitStop vir Jesus vier vierde bestaansjaar



PitStop vir Jesus, 'n plaaslike nie-winsgewende Christelike bediening, het Saterdag sy vierde verjaarsdag saam met die gemeenskap gevier. Die geleentheid is gekenmerk deur samesyn, bemoediging en inspirasie, met Jan Curtin as gasspreker wat 'n boodskap gebring het oor die volgende stap...

PitStop vir Jesus hou elke vier tot ses weke 'n byeenkoms waar mense gratis na inspirerende sprekers kan kom luister. Hierdie byeenkomste is oop vir almal en sluit ook 'n gratis ete in, wat die geleentheid skep vir kuier, ondersteuning en die bou van verhoudings binne die gemeenskap.

Die volgende byeenkoms vind plaas op 14 Maart by die NG Suid-kerksaal. Dewald Gouws sal die gemeenskap kom bedien met sang en 'n boodskap – 'n geleentheid wat volgens die organiseerders beslis nie gemis moet word nie. Soos altyd is toegang gratis en enigeen is welkom om dit by te woon.



*Jan Curtin*

Die span het ook hul dank uitgespreek teenoor die gereelde "Pitstoppers" en die toegewyde PitStop Crew vir hul volgehoue ondersteuning wat help om die bediening moontlik te maak en 'n positiewe verskil in Heilbron te bring.



*Op die foto vl: Tanya Botha, Alet en Keith Petzer.*
*Foto Erkenning : Hennie Booysen*


TELWIEDRÉ VOERE

**EKSTERNE ADVERTENSIE / EXTERNAL ADVERTISEMENT**
**VAKANTE POS**
**INSTANDHOUDINGS- AMBAGSMAN: MONTEER-/KETELMAKER**

Ons is tans op soek na 'n baie bekwame, betroubare, selfgemotiveerde Instandhoudings—Ambagsman: Monteer-/Ketelmaker om by ons groeiende span aan te sluit. In hierdie rol sal u op alle dienskaartjies moet reageer, roetine-instandhouding uitvoer en infrastruktuur opgraderings voorsien soos nodig. Om in hierdie pos te slaag, sal u 'n onafhanklike, bekwame en deeglike professionele persoon moet wees, wat trots is op hul werk en toegewyd is aan veiligheid.

**Minimum Vereistes en Kwalifikasies**
- Minimum kwalifikasies: Graad 12 / N2 en Handelsertifikaat
- 3 jaar toepaslike ervaring
- Rekenaargeletterdheid
- Bestuurslisensie
- In staat om onafhanklik te werk met min toesig
- Gewillig om na normale werksure te werk, aangesien dit 'n 24/7-aanleg is
- Die vermoë en bereidwilligheid om alle wetlike en veiligheidsregulasies na te kom
- Uitstaande probleemoplossing en kritiese denkvaardighede
- In staat om handgereedskap en elektriese gereedskap te gebruik

**Pligte en Verantwoordelikhede**
- Verseker dat die gesondheid en veiligheid, omgewing, kwaliteit en huishouding in die afdeling nagekom word.
- Pas fout opsporingstegnieke toe, ontleed die oorsaak van die probleem en voer gereeld plant inspeksies uit.
- Maak meganiese onderdele, komponente en toerusting skoon, onderhou en herstel.
- Voer gereelde inspeksies vir plant- en staalstrukture uit.
- Voer werkswinkel vervaardiging, montering en installering van toerusting uit.
- Voltooi afdelings en voorkomende onderhoudswerk bestellings, skep daaropvolgende kennisgewings en gee terugvoer oor werk wat verrig is.
- Verkry en hou toepaslike lisensies en magtigings wat benodig word om toegewese pligte uit te voer, bv. werk op hoogtes.
- Onderhou alle toerusting in 'n uitstekende werkende toestand
- Doen voorkomende instandhouding om potensiële probleme te voorkom

**SLUITINGSDATUM:-** 18 Februarie 2026 om 14h00
**BELANGSTELLENDES:-** Oorhandig of stuur u skriftelike CV/aansoek aan die Menslike Hulpbronne @ Admin@telwiedre.co.za Telwiedrè Voere, 6 Botha Heilbron of kontak by 058 8522742 ASAP

**VACANCY**
**MAINTENANCE ARTISAN: FITTER / BOILERMAKER**

We are currently seeking a highly-skilled, reliable, self-motivated Maintenance Artisan: Fitter / Boilermaker to join our growing team. In this role, you will respond to all service tickets, perform routine maintenance, and provide infrastructure upgrades as needed. To succeed in this position, you will be an independent, competent, and thorough professional who takes great pride in their work and is committed to safety.

**Requirements and Qualifications**
- Minimum qualifications: Grade 12 / N2 & Trade certificate
- 3 years' appropriate experience
- Computer literacy
- Driver's licence
- Able to work independently with little supervision
- Willing to work after normal working hrs as it is a 24/7 plant
- Ability and willingness to follow all legal and company safety regulations
- Outstanding problem solving and critical thinking skills
- Able to utilize hand tools and power tools

**Duties and Responsibilities**
- Ensure adherence to health and safety, environment, quality and housekeeping in section.
- Apply fault-finding techniques, conduct root cause failure analysis and regular plant inspections.
- Clean, maintain and repair mechanical parts, components and equipment.
- Conduct regular plant and steel structures inspections.
- Carry out workshop fabrication, equipment assembly and installation.
- Complete breakdown and preventive maintenance work orders, create subsequent notifications, and provide feedback on work performed.
- Attain and maintain relevant licences and authorisations required to execute allocated duties e.g. Basic Rigging, Working at Heights.
- Maintain all equipment in excellent working order
- Perform preventative maintenance to stay ahead of potential issues

**CLOSING DATE:-** 18 February 2026 at 14h00
**THOSE INTERESTED:-** Send or deliver your written resume/application to the HR @Admin@telwiedre.co.za at Telwiedrè Feeds, Nr. 6 Botha Street, Heilbron or contact him at 058 8522742 ASAP

# Skielike sluiting van Sandersville-gemeenskapskliniek laat inwoners onseker oor plaaslike gesondheidsorg

Inwoners van die Sandersville-gemeenskap in Heilbron is in Januarie onverwags deur middel van 'n onamptelike Facebook-plasing ingelig dat hul plaaslike gemeenskapskliniek met onmiddellike effek gesluit is, nadat die fasiliteit ná 'n inspeksie as struktureel onveilig verklaar is. Die wyse waarop die nuus gekommunikeer is, het tot groot onsekerheid en kommer onder inwoners gelei.

Die Sandersville-gemeenskapskliniek is 'n openbare primêre gesondheidsorgfasiliteit wat inwoners van die Sandersville – en Greenfield gebied bedien. Die kliniek funksioneer onder die vaandel van die Vrystaatse Departement van Gesondheid en dien as 'n belangrike eerste kontakpunt vir basiese gesondheidsorg in die gemeenskap.

Soos ander primêre gesondheidsorgklinieke in die provinsie, het die fasiliteit tipies dienste gelewer soos algemene mediese konsultasies, die uitreiking en monitering van chroniese medikasie, moeder- en kindgesondheidsorg, immuniserings, basiese wondversorging, asook verwysings na hoërvlak-gesondheidsfasiliteite waar nodig. Die kliniek het 'n besonder belangrike rol gespeel in die versorging van bejaardes, chroniese pasiënte en ander kwesbare inwoners wat grootliks van openbare gesondheidsdienste afhanklik is.

Hoewel die kliniek reeds vir jare as 'n gevestigde dienspunt in Sandersville bekend is, is daar tans geen openbare rekord beskikbaar wat die presiese jaar van stigting, personeelgetalle of gemiddelde maandelikse pasiëntbelasting bevestig nie. Hierdie inligting word normaalweg deur die provinsiale departement van gesondheid gehou en is nie vrylik toeganklik in openbare databasisse nie.

Die skielike sluiting van die kliniek het gevolglik nie net onmiddellike diensleweringsuitdagings veroorsaak nie, maar ook ernstige vrae laat ontstaan oor die kontinuïteit van sorg vir pasiënte wat vir hul daaglikse en chroniese gesondheidsbehoeftes op die fasiliteit staatgemaak het.

Volgens beskikbare inligting is die kliniek tydens 'n besoek deur die Vrystaatse Departement van Arbeid ondersoek en summier as onveilig verklaar. Alhoewel inspeksies en ondersoeke na die strukturele veiligheid van openbare infrastruktuur noodsaaklik is en aangemoedig word om gemeenskapsvertroue te bevorder, het die wyse waarop die sluiting aan inwoners gekommunikeer is, veel te wense oorgelaat. Inwoners is in die betrokke Facebook-plasing aangeraai om eerder die Relebohile-kliniek in Phiritona vir mediese hulp te besoek.

In 'n poging om meer duidelikheid te verkry, het Heilbron Herald verskeie staatsamptenare genader vir antwoorde oor wanneer inwoners 'n moontlike heropening van die kliniek kan verwag. Navrae is ook gerig oor of pasiënte se mediese lêers na die Relebohile-kliniek oorgeplaas is, en of inwoners voorbereidings moet tref vir moontlike onderbrekings in die verskaffing van





chroniese medikasie.

Ten spyte van onderhoude met verpleegsters en ander personeel wat ten tyde van die sluiting by die Sandersville-kliniek aan diens was, was niemand bereid om formeel op rekord te gaan nie. Buiten die beperkte inligting wat in die oorspronklike Facebook-plasing vervat was, is daar tans geen verdere amptelike kommunikasie aan die gemeenskap beskikbaar nie.

# Die beste dieet vir 'n nuwe jaar en nuwe uitdagings

## *Watse uitdagings kan die skool kinders van vandag ervaar? - Deel 1*

Met elke nuwe graad ontstaan 'n wêreld van nuwe uitdagings – 'n ander skedule, meer veeleisende werk, en die druk om sosiaal by te bly. In hierdie maalstroom van aanpassing kan een basiese behoefte maklik agter raak: goed eet.

Die vraag "Wat eet ek vandag?" word nie net 'n geval van keuse nie, maar dikwels 'n gevolg van swak tydsbestuur. Soekende hulle voete, vergeet leerders soms om te eet, of val terug op vulling sonder voeding.

Daarby kom die ongeskrewe reëls van die kosblik en die kantien (snoepie). 'n Leerder se eetgewoontes word onder die vergrootglas geplaas. Is hulle kos "cool" genoeg? Val hulle by die "regte" groep in as hulle nie elke dag 'n koeldrank en 'n pakkie skyfies by die snoepie koop nie? Groepsdruk kan maklik gesonde keuses ondermyn en 'n ongewenste ekstra uitgawe skep.

Hierdie uitdagings gaan oor meer as net voedsel; dit gaan oor aanpassing, identiteit en die vermoeë om prioriteite te stel in 'n stormagtige nuwe fase.

**Newe effekte van 'n ongebalanseerde dieet:**

Vir leerders tussen die ouderdomme van 12 en 18 is volgehoue en gebalanseerde voeding van kardinale belang. Hierdie fase word gekenmerk deur intensiewe groei en ontwikkeling, waar die liggaam en brein optimale brandstof nodig het om te floreer.

Die brein alleen is 'n groot energieverbruiker, wat tot 20% van ons daaglikse energie-inname benodig (Lachance & Ramsey, 2015). Voldoende voeding ondersteun dus direk optimale breinfunksie, stabiele hormoon vlakke en gebalanseerde bloedsuiker (Raymond & Morrow, 2022).

In teenstelling hiermee kan 'n ongebalanseerde dieet tot onmiddellike uitdagings lei. Leerders kan simptome soos swak konsentrasie, energiedippe na maaltye, onverklaarbare gewigsveranderings en algemene lusteloosheid ervaar. Hierdie korttermyn-effekte kan hul daaglikse funksionering en akademiese prestasie aantas (Raymond & Morrow, 2022).

Op die lang duur vergroot 'n swak voedingspatroon die risiko aansienlik vir ernstige gesondheidstoestande. Dit sluit in Tipe 2-diabetes, hoë bloeddruk, oorgewig, en selfs verswakte geheue en kognitiewe funksie (Raymond & Morrow, 2022).

Wat 'n leerder dag na dag eet, is dus veel meer as net brandstof. Dit is die bousteen vir hul groeiende liggaam, die smeerolie vir hul denkvermoë, en 'n fundamentele belegging in hul lewenslange welstand.

***Hoe om die Dieetkundige by Tokollo Hospitaal te kontak: Hospitaal: 058 853 5400 of direk 058 85 35453 vra vir Nicolene / Corli***

# In Memoriam - Chris Breytenbach



Met diepe hartseer neem familie en vriende afskeid van Chris Breytenbach, wat op 7 Februarie 2026 oorlede is.

Chris het op 'n plaas in die Tsitsikamma, naby Eersterivier, grootgeword — 'n omgewing wat sy liefde vir die grond en vir tuinmaak diep in hom gewortel het. Sy passie vir sy groentetuin het hom sy hele lewe lank bygebly. Wat vir ander bloot 'n stokperdjie was, het vir hom 'n leefwyse geword.

Uit dié liefde vir vars produkte het die familie se inlê-bedryf ontstaan. Terwyl sy vrou met sorg die groente bewerk en ingelê het, het Chris dit met trots en vrygewigheid uitgedeel. Hy het selde, indien ooit, met leë hande by iemand opgedaag. Sy ruimhartigheid en bereidwilligheid om te deel, sal lank onthou word. Na sy aftrede as vragmotorbestuurder by Telwiedre het hy sy passie verder gevoer en 'n besigheid van die inlê gemaak — 'n bewys van sy werksywer en ondernemingsgees.

Chris en sy geliefde vrou is op 8 September 1973 getroud en het hul huwelikslewe in Alberton begin. In 1975 het hulle na Heilbron verhuis, waar hulle hul lewe saam voortgesit en diep spore in die gemeenskap getrap het.

Hy laat 'n nalatenskap van harde werk, nederigheid, liefde vir sy familie en 'n oop hand vir ander. Sy afwesigheid laat 'n groot leemte, maar sy voorbeeld van diensbaarheid en vrygewigheid sal voortleef in almal wat hom geken het.

Die begrafnisdiens vind plaas op Saterdag 14 Februarie 2026 om 11:00 by die AP Kerk Heilbron, waarna die teraardebestelling by die Heilbron-begraafplaas sal plaasvind.

***Rus sag, Chris.***
***Jou hande het geplant, gegee en geseën.***

# Heilbron Brandvereniging Jaarvergadering

Die Brandverening het sy eerste algemene jaarvergadering gehad, en is goed bygewoon deur die verskillende sektore van die nuwe Heilbronbrandvereniging. Die sektore van die Brandvereniging is Hoogte, Vegkop, Moedersdeel, Slootkraal en Gottenburg. Kontak jou sektorleier vir navrae.

Die nasionale brandwet vereis dat elke grondeienaar, huurder, okupeerder of gebruiker onder die wet staan. Daar is klomp reëls en wette wat nagekom moet word, waarvan lidmaatskap die belangrikste is. As jy nie lid van die brandvereniging is nie, geld al die brandwette vir jou, en staan jy skuldig indien 'n brand by jou ontstaan of verby gaan. Jy moet jouself dan onskuldig gaan bewys in die hof. As jy lid is van die vereniging, geld die vereniging se reëls en kwytskeldings reëls op jou en as jy dit nagekom het, moet die eisers jou in die hof probeer skuldig bewys. Interessant is die wysiging op die wet wat bepaal dat weens die veranderde klimaats omstandighede daar nou in die somer ook brandbane moet wees. Weereens kan jou brandvereniging se reëls hier geld en die vereninging kan besluite neem wat dan deur lede gevolg kan word.

**Wanneer is jy lid van die vereniging?**

Eerstens moet jy 'n lidmaatskap vorm van die nuwe Heilbron Brandvereniging invul. Tweedens moet jou ledegeld op datum wees. Dit kan alles by Louise Snyman Rekenmeesters gedoen word, en ledegeld dan in die rekening inbetaal word. Wanneer verloor jy lidmaatskap indien jy versuim om die nuwe jaar se ledegeld te betaal, of na die datum van 31 Mei betaal, verbeur jy lidmaatskap en is jy nie lid nie. Dan moet jy weer gaan aansluit.

**Baie belangrik vir lede – indien jy nie 'n rekening kry of gekry het nie, is jy nie lid nie.** Gaan so gou moontlik na Louise Snyman Rekenmeesters om jou inligting op datum te kry.

Die Brandvereniging beplan 'n groot brandopleidingsdag vir grondeienaars sowel as werkers.

# Burgemeester verskerp optrede teen onwettige winkels regoor Ngwathe

Die uitvoerende burgemeester van Ngwathe, rdl. Victoria De Beer-Mthombeni, het die afgelope twee weke 'n reeks hoë-impak nakomingsoperasies regoor die groter Ngwathe-munisipale gebied gelei, met verskeie winkels wat gesluit, beboet of van hul nutsdienste (water- en elektrisiteitsaansluitings) afgesny is weens oortredings van munisipale verordeninge en ander wetgewing.

Parys en Tumahole: Nege winkels gesluit

Op Woensdag 4 Februarie is 'n gesamentlike multidissiplinêre operasie in Parys en Tumahole uitgevoer om voedselveiligheid, immigrasiewetgewing en tabakbeheermaatreëls af te dwing. Die operasie het gevolg ná klagtes van inwoners oor winkels wat glo vervalde produkte verkoop.

Die operasie is gelei deur rdl. De Beer-Mthombeni, in samewerking met rdl. Noma Moloi (MMC: Openbare Veiligheid en Vervoer), alle MMC's, SAPD-komponente in Parys en Tumahole, Gemeenskapspolisiëringsforums (GPF's), Fezile Dabi Distriksmunisipaliteit se Munisipale Gesondheidsdienste, die Departement van Binnelandse Sake en verskeie eenhede van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, insluitend Verkeersdienste, Stadsbeplanning, Regsdienste, Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO), Boubeheer, Tegniese Dienste en Kommunikasie.

Tydens die operasie is vervalde voedselprodukte van rakke verwyder om gesondheidsrisiko's te beperk. Onwettige sigarette is gekonfiskeer, en die dokumentasie van buitelandse sake-operateurs is nagegaan. Individue wat die immigrasiewet oortree het, is in hegtenis geneem en wag om gedeporteer te word.

Nege sogenaamde "tuck shops" is gesluit, vier boetes is uitgereik vir vervalste goedere (onwettige sigarette), en een verkeersboete is ook opgelê. Nie-nakomende besighede is gewaarsku en eienaars sowel as werknemers is ingelig oor voedselveiligheids- en tabakbeheerregulasies.

In een gedokumenteerde geval is 'n buitelandse burger glo met 'n 17-jarige meisie getroud om 'n besigheid in haar naam te registreer ten einde plaaslik te kan handel dryf. Owerhede het bevestig dat die nodige regsprosesse in dié verband gevolg word.

Heilbron: Elektrisiteitsoudits en verdere oortredings blootgelê

In 'n afsonderlike operasie in Heilbron het die burgemeester, saam met rdl. Johny Serati (MMC: Finansies), rdl. Noma Moloi (MMC: Openbare Veiligheid), rdl. Mosuiwa Mofokeng (MMC: Infrastruktuur), Munisipale Bestuurder Dr. F.P. Mothamaha, finansiële hoof Serame Phethoane en tegniese spanne onder leiding van me. Patricia Morokolo (Direkteur: Tegniese Dienste), besighede besoek om elektrisiteitsvoorsiening en -verbruik te oudit.



*Ngwathe uitvoerende burgemeester, Rdl Victoria De Beer-Mthombeni met munisipale amptenare en 'n plaaslike winkeleienaar tydens inspeksie.*



*Ngwathe sny onwettige elektrisiteitsaansluitings*

Ernstige kommer is uitgespreek oor winkels wat glo onwettige elektrisiteitsverbindings gebruik en twyfelagtige aankooprekords toon. Volgens die munisipaliteit lei onwettige aansluitings en oorlading tot grootskaalse infrastruktuurskade en beduidende inkomsteverliese.

Ngwathe-munisipaliteit skuld tans na bewering ongeveer R2,8 miljard aan Eskom — 'n situasie wat grootliks toegeskryf word aan elektrisiteitsverliese weens onwettige verbindings, peutering met infrastruktuur en nie-nakoming van munisipale verordeninge. Tydens die inspeksies is verskeie winkels se elektrisiteitsvoorsiening afgesny.

Op 10 Februarie het 'n verdere operasie in Heilbron plaasgevind, waar winkels geïnspekteer is vir nakoming. Die gesamentlike span het die Distriksmunisipaliteit se gesondheidsinspekteurs, SAPD, inspekteurs van nagemaakte goedere, stadsbeplanners, bou-inspekteurs, omgewingsgesondheidspraktisyns, asook die elektrisiteits- en inkomste-invorderingsafdelings ingesluit.

Volgens rdl. De Beer-Mthombeni is bevind dat verskeie winkels voedsel voorberei en verkoop sonder die nodige goedkeuring, aangesien hul besighede as gelokaliseerde ondernemings geregistreer is wat nie vir voedselverkope gemagtig is nie. Vervalste sigarette is ook geïdentifiseer en gekonfiskeer.

Daarbenewens is onwettige oorbruggings van water- en elektrisiteitsmeters ontdek. Die burgemeester het bevestig dat die waterafdeling voortaan deel van toekomstige operasies sal wees om streng teen sulke oortredings op te tree.

Rdl. De Beer-Mthombeni het benadruk dat die munisipaliteit nie teen enige individu of groep gekant is nie, maar dat die doel is om wet en orde te herstel en gemeenskappe te beskerm teen gesondheids- en veiligheidsrisiko's.

Sy het ook erken dat die operasies emosioneel en uitmergelend is, en dat sommige eiendomseienaars wat hul persele verhuur, nie saamwerk wanneer nutsdienste afgeskakel word nie. Sy vra egter ook waarom word daar van die munisipaliteit verwag om die regte ding te doen, terwyl ander 'n vrypas wil hê?

Die burgemeester het aangedui dat soortgelyke inspeksies in die komende weke voortgesit sal word. Winkeleienaars en eiendomseienaars word intussen aangeraai om hul sake dringend in orde te bring en te verseker dat hulle aan alle toepaslike wetgewing en munisipale verordeninge voldoen.



*Gesondheidsinspeksie het aan die lig gebring dat voedsel wat verkoop word gesondheids- en veiligheidsrisiko's inhou.*

# Atletiek kook behoorlik!

Atletiek het behoorlik gekook verlede week, met verskeie indrukwekkende prestasies en nuwe rekords.

Marizaan Swannepoel, tans 'n leerder by Hoërskool Voortrekker, het verlede week tydens hul graanveld atletiekbyeenkoms drie rekords op één dag verbeter. Sy het nuwe rekords opgestel in die 400 m, 800 m en 1500 m, 'n uitsonderlike prestasie wat haar atletiese talent duidelik onderstreep.

Die momentum het die naweek van die 7de Februarie voortgeduur tydens die Vaalpark-atletiekbyeenkoms, waar Perez Schoeman die O/13 verspringrekord verbeter het met 'n indrukwekkende sprong van 5,37 m.

Nog 'n uitblinker is RJ Muller, wat vanjaar tydens dieselfde kompetisie die O/12 seuns hoogspringrekord verbeter het met 'n hoogte van 1,52 m, onder die bekwame leiding van afrigter Lize Green.

Hierdie prestasie volg op 'n besonderse jaar in 2024, toe RJ 'n 23 jaar oue rekord verbeter het – en dit in sy eerste jaar van hoogspring, onder die afrigting van Hendie Lotter.

Met sulke indrukwekkende vertonings sien die Heilbron gemeenskap met groot opgewondenheid uit daarna om al hier die atlete vanjaar by die SA's in aksie.



Marizaan Swannepoel



Perez Schoeman




RJ Muller






# Fynproewers kuier gesellig saam

Die Heilbron Fynproewers het 2026 afgeskop met hul jaarlikse verrassingsaand op 6 Februarie, die maand van liefde! Daar is behoorlik opgevang en gesels van laasjaar se byeenkoms af.

Elke lid moes 'n gereg van hy/sy keuse bring vir die aand. Die opdientafels was vol gepak van verrassende en interessante geregte. Skaapsterte (Vrystaat kreef), skaapboud in 'n sous, beestong, botter hoender, geurige hoenderlewers en lasagne het die vleiskant van die tafel gedek. Gevulde aartappels, groentegereg, vars tuin groenboontjies, Hartenbos rys, spinasie ring, pitmieleslaai en broccoli slaai het die groente- en slaai kant gedek. Die ete is afgerond met malvalpoeding, klam sjokolade- en 'n peppermint nagereg en 'n heerlike broodpoeding met sy geheime sous. Dit was voorwaar 'n aand waarvan die die disse jou mond vir dae daarna nog laat water het. Die volgende byeenkoms sal in Meimaand plaasvind.



*Agter: Terence Green, Marais Franken, Burger Combrink, Trompie Grobbelaar, Jeff Roos, Gideon Malherbe en Wolter Bennink. Middel: Japie Steyn, Lize Green, Judy Auckamp, Anet Malherbe en Liaani Bennink. Voor: Trudene Steyn, Marietta Grobbelaar en Annari Combrink.*







# KENNISGEWINGS

**BOEDELKENNISGEWING EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE- EN DISTRIBUSIEREKENING**

In die boedel van wyle **LUKAS MARTINUS SWART (Identiteitsnommer 680428 5009 08 9),** in lewe woonagtig te Plaas China, Edenville, Vrystaat, **Boedelnommer 3703/2024.**
Kennis word hiermee gegee dat die eerste en finale likwidasie- en distribusierekening in die bogemelde boedel ter insae sal lê in die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein en van die Landdros, Heilbron, vir 'n typerk van 21 dae vanaf Vrydag 13 Februarie 2026.
**J H DELPORT**
**GEVOLMAGTIGDE EKSEKUTEUR**
**POSBUS 1606, KROONSTAD, 9500**

---

Form J193

**NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **5379/2025**
Surname: **Van Schalkwyk**
First Names: **Samuel Wilhelm**
Date of Birth: **1944-11-19**
ID Number: **441119 5027 086**
Last Address: **Paver Street, Reitz, Free State, 9810**
Date of Death: **2023-09-30**
Master's Office: **Bloemfontein.**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Amanda Botha Attorneys**
Address of Executor or Authorised Agent:
**233 Lawley Street, Waterkloof, Pretoria, 0145**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**Advertiser Name:**
**Amanda Botha Attorneys**
**Advertiser address:**
**233 Lawley Street, Waterkloof, Pretoria, 0145**
**Advertiser E-Mail:**
**amanda.botha@amandabotha.co.za**
**Date submitted: 2026-02-04**
**Advertiser Telephone: 082 775 7256**
**Publication in the Government Gazette on:**
**2026-02-13**

*Verskeidenheid legkaarte beskikbaar*



Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National




Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

## BOOMERANG

SKOOL TASSE
BESKIKBAAR @ SLEGS
R1 200 BTW ING.



Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

---

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Herald Office National

## FOTOSTATE

| Swart / Black | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir Antonio Pienaar by die Heilbron Herald 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**




---

TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

## POSTNET HEILBRON

**BESIGHEIDSURE**
**MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30**
**SATERDAE: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, HEILBRON**
**Tel: 058 853 0006**

**SELF-INKING STAMPS**
**SELF-INKING DATER STAMPS**

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

## BETREKKING VAKANT

CORNELIUS & VENNOTE INGELYF HEILBRON

Benodig die dienste van 'n
ALGEMENE TIKSTER
Met tik ervaring vir algemene regswerk. Ondervinding in Boedels en/of Aktes sal 'n aanwins wees.

**1 Maart 2026 vir diens aanvaarding.**
**Aansoeke sluit 20 Februarie 2026.**

Stuur volledige CV vir aandag:
AA Schutte
40 Kerkstraat, Heilbron
E-pos: amanda@corven.co.za

## DELIVERY & COLLECTION

**between Heilbron and Vaal Triangle**
**Monday, Wednesday and Friday**
**heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078**

**R100 per parcel**




**Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel**

---

# SMALLS

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:**
**08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# Boerevereniging Challenge











Die feit dat die Boerevereniging Challenge slegs oor 3 weke strek is nou amptelik as onmoontlik bewys omdat daar soveel kompeterende spanne is. Sou dit nog een week se wedstryde wees kon daar dalk 'n paar groot verrassings gewees het. In 2027 sal dit oor die loop van 4 weke gespeel word. Onthou dat Woensdae aande oop aande by die klub is. Vanaf 17:30. Bennie Steenkamp is daar om almal wat wil balle rol te organiseer en die kele nat te hou. Later die aand word daar selfs gebraai. Die klub het balle wat gebruik kan word.

Baie geluk aan die "Bal Jaers" van Gottenburg Boerevereniging wat die span van Vegkop 1 in die doodsnikke van die wedstryd geklop het. Gereelde oefening op die rolbalbaan het verseker die deurslag gegee. Deurgaans is goeie rolbal deur al die spanne gespeel en baie van die spelers sou kompeterende rolbal kon speel sou hulle wou. Heilbron Rolbalklub bedank elke Boerevereniging wat ons so ondersteun het. Sonder hierdie geleenthede wat ons aanbied sal die Klub se voorbestaan in gedrang wees en sal dit net nog 'n vervalle fasiliteit wees.

# Heilbron oorrompel Rust Ter Vaal met 229 lopies

Heilbron Krieketklub het 'n indrukwekkende oorwinning van 229 lopies teen Rust Ter Vaal behaal in 'n wedstryd wat die toeskouers behoorlik vermaak het.

Irfan Arshad was die ster met die kolf en het briljant ingeklim met 'n skitterende 150 lopies. Hy is goed ondersteun deur Armand Smit, wat 'n onoorwonne 107 lopies aangeteken het. Heilbron het uiteindelik 'n massiewe totaal van 373 lopies opgestapel, met 11 sesse en 40 viere wat die skare op hul voete gehad het.

Die vennootskap van 218 lopies tussen Arshad en Smit is ook 'n nuwe klubrekord – 'n prestasie waarop die span met reg trots kan wees.

Met die bal het Armand Smit sy uitstekende dag voortgesit deur 4 paaltjies vir slegs 27 lopies te neem, asook twee vangskote te hou. Pieter Baan het ook 'n groot bydrae gelewer met 4 paaltjies vir 20 lopies om die wedstryd finaal te beklink.

Heilbron speel komende naweek in die T20-reeks teen Sasolburg by Hoërskool Heilbron. Die wedstryd begin om 14:00.

Alle toeskouers is welkom om langs die veld te kom braai en kuier terwyl hulle die aksie geniet.



*Op die foto bo Irfan Arshad.*







VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG -16 FEBRUARIE 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WA DE KLERK AANLYNVEILING SLAGVEILING
Kontak Chris Bezuidenhout 079 065 1280
DINSDAG -17 FEBRUARIE 2026
ERMELO Aanteelveiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
HEILBRON: HEILBRON BONSMARA & LOUISE DOHNE MERINO
11:00, plaas Cannossa
Kontak Stiaan Smit 067 596 2491 (beeste)
Danie de Wet 082 772 4537 (skape)
WOENSDAG - 18 FEBRUARIE 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
DONDERDAG - 19 FEBRUARIE 2026
FRANKFORT AANLYNVEILING
Kontak JD Steyn 072 877 6984
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
VRYDAG - 20 FEBRUARIE 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
THEUNISSEN: FERDIE NAUDE V5 BRANGUS VEILING
11:00, Doornpoort
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
BURGERSFORT Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za